
*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Ons soek die bevryding van ons volk deur dade.*

# Die O.B.



*Ons teer nie op ydele beloftes en woorde nie.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 22 APRIL 1942. No. 24.

## Blanke Beskawing Kan Nie Rus Op Naturelle-Soldate

### Kommandant-Generaal Belyn O.B. se Houding Teenoor Eenheidsbeweging

**„Die O.B. het met waardering kennis geneem van die beweging tot herstel van die eenheid van die nasionaalvoelende en republikeinsgesinde Afrikanerdom — 'n strewe wat die O.B. hom van die begin af reeds ten doel gestel en nog altyd nagestreef het. Die O.B. wil beklemtoon dat sodanige eenheid alleen heg kan wees op grondslag van ons definitiewe Afrikanervolkskoers soos geopenbaar in die volksontwaking van 1938.**

**„Die O.B. het hom nog steeds verplig gevoel in volksbelang om voort te gaan op sy ingeslae weg van samewerking te soek met alle volksorganisasies tot verwesenliking van die republiek op Christelik-nasionale grondslag vir ons volk, en verwelkom daartoe en daarby alle opregbedoelde en ware medewerking en steun."**

Hierdie besluit van die Grootraad van die Ossewabrandwag is voorverlede Saterdagaand deur die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, aan 'n gehoor van ongeveer 4,000 persone op Crossby voorgelees en die verklaring is met langdurige toejuiging begroet.

Die vergadering het plaasgevind onder voorsitterskap van genl. Louis Bootha, hoof-generaal van die O.B., en deurgaans is die grootste geesdrif geopenbaar.

Ten aanvang het dr. Van Rensburg verwys na die inhegtenisname van mnr. Baron Crotz, 'n generaal van die O.B., en verklaar dat as die Regering dink dat hy die O.B. kan breek deur sy hoof-offisiere in hegtenis te neem, hy dit bepaald mis het. Genl. Crotz is 'n dag of wat tevore aangehou en sy opvolger is reeds op die vergadering aanwesig. (Toej.) Word hy aangehou, sal daar 'n ander wees om sy plek te neem. Die internering van O.B.-offisiere sal die O.B. nie breek nie, maar wel staal en laat groei, het spreker verklaar. (Toej.)

Spreker het nie gekom om mede-Afrikaners te kom beskinder nie. „Die Volksblad" verklaar dat die H.P. se bitterste vyand die O.B. is, maar die O.B. sê dit nie. Die O.B. se bitterste vyand is die imperialisme en die kapitalisme. De O.B. streef na eenheid met sy mede-Afrikaner. Spreker het die besluit van die Grootraad voorgelees en vervolgens na die oorlog verwys. Daar is 'n wesenlike verskil tussen die Eerste en Tweede Wêreldoorloë, het hy verklaar, nie slegs in die verloop daarvan nie, maar in die wese en gevolge daarvan. Die huidige oorlog veroorsaak die ineenstorting van 'n hele stelsel. Dit is 'n stap in die revolusie van die 20ste eeu, die revolusie wat die ineenstorting van die demokratiese stelsel beteken. Die nasionale gevoel van volke baan tans sy weg deur die onkruid op die veld.

Die O.B. word beskuldig, het spreker vervolg, dat sy lede Duitse „Sappe" is. Wat wel waar is, is dat die nasionale ontwaking wat in die O.B. beliggaam is, dieselfde is as die nasionale ontwaking in ander lande. In Italië word dit Fascisme genoem, in Duitsland Nasionaal-Sosialisme en in Suid-Afrika is dit die O.B. (Toej.)

**Daardie nasionale ontwaking het uit die volk gegroei. Dit het geen fyn uitgewerkte program nie, want 'n volk het geen program nie. 'n Huis kan volgens 'n plan gebou word, maar geen lewende wese kan volgens plan gebou word nie. Daardie nasionale ontwaking het slegs 'n roeping en 'n rigting. Die O.B. het 'n koers — na die republiek. (Toej.)**

„LEWENDE SIEL VAN VOLK"

Die O.B. is die verjonging van die Afrikanervolk. Sy strewe is doelbewus na 'n republiek en weg van die kapitalisme en die imperialisme. Daarom is die O.B. nie 'n organisasie soos ander nie. Hy is die lewende siel van die Afrikanerdom. Hoewel die O.B. geen fynuitgewerkte program het nie, weet hy egter dat in die dinge wat vandag bestaan, daar baie is wat uit die weg geruim moet word.

**Belangrikste doel is die verbreking van die geldmag, want die O.B. weet dat die man wat die geldmag en die propaganda-middele beheers, ook die volk beheers. Die O.B. weet dat die staking van 1922 b.v. die hele land verlam en boere in die uithoeke van die Unie bankrot laat gaan het. Daarom sê die O.B. dat as daar 'n sleutel-bedryf is wat die lewe van die hele volk beheer, daardie bedryf genasionaliseer moet word, sodat hy kan sorg vir gesonde werkers en nie vir dividende nie.**

Dit word die O.B. ten laste gelê dat daarin net Afrikaanssprekendes is, maar die antwoord daarop is tog stellig dat die draer van die blanke gedagte in Suid-Afrika nog steeds die Afrikaanssprekende was. Die Afrikanerdom is die kern van die volk en moet dit bly, want hy het geen ander tuiste as in Suid-Afrika nie.

Voorts het spreker verwys na die sg. „Japanse gevaar" **en gevra wat dit sal baat om die geelgevaar te wil beveg deur 'n swart-gevaar in Suid-Afrika te skep?** Veelseggend is dit dat Amerikaanse troepe vandag in Australië is, want dit wys wat die hulp is wat die Ryk vandag aan sy dominiums kan gee.

**Die blanke beskawing kan bepaald nie rus op naturelle-soldate nie en as hy werklik vandag in so 'n gevaar verkeer dat hy die naturel moet bewapen, dan is dit tyd dat hy om vrede vra.**

Die O.B. is bereid om te veg, het spreker ten slotte verklaar, maar alleen as hy die sekerheid het dat hy vir 'n republiek veg en nie vir die Britse Ryk nie. Die O.B. is die soldate van die republiek en van niks anders nie.

Nadat genl. Bootha dr. Van Rensburg bedank het en in sy bedanking verwys het na die behandeling in die Pretoriase gevangenis van persone wat aangehou is in verband met beweerde sabotasie, het dr. Van Rensburg weer die gehoor toegespreek en die verklaring wat hy tevore oor die saak gemaak het, herhaal. Die aantygings wat hy gemaak het, het spreker verklaar, is deur die betrokke Minister ontken. Die Minister weet òf nie wat in sy Departement aangaan nie, òf hy is te skaam om die saak te laat ondersoek, het spreker verklaar. Indien die Minister se ontkenning steek hou, sou die Minister nie bang wees om 'n Kommissie aan te stel om die saak te ondersoek nie.

Genl. Bootha het hierna die vergadering afgesluit en 'n beroep op die vroue gedoen om nie hul manne te verhinder om hul plig teenoor hul volk te doen nie.

Nadat mosies waarin ten sterkste protes aangeteken word teen die behandeling van politieke gevangenes in die Pretoriase tronk en die bewapening van naturelle, eenparig aangeneem is, is die vergadering afgesluit met die Transvaalse volkslied en „Die Stem".

***WORD INTEKENAAR OP ONS BLAD***

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

***Beskerm u Gesondheid en Lewenskrag***

**GEBRUIK**

**LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP**

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP—
DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

***'n Produk van***
**LEVER BROERS.**

# Moedige Boodskap van Gevange Generaal

## Glo dat Koers van O.B. Reg is

**Onderstaande besielende boodskap van genl. F. Baron Crotz van die Nabye Oosrandse Generaalskap, is deur hom aan die gedissiplineerde Afrikanerdom gerig nadat hy op 10 April in hegtenis geneem is met die oog op internering.**

„Die onafrikaanse Regering wat vandag oor die lotgevalle van gebore Afrikaners en landseuns beskik, het dit raadsaam geag om my te interneer — op welke gronde weet ek self nie.

„Op my klein manier het ek nog altyd my volk probeer dien, as Nasionale Party-kandidaat in 1938, daarna as Hoofbestuurslid van die Nasionale Party, en nou vir meer as twee jaar as offisier van die Ossewabrandwag.

**„Laasgenoemde volksbeweging geniet vandag my enigste en volste vertroue. Alleen in hierdie organisasie sien ek vandag die uitlewing en uitbouing van ons Boere-ideale en -tradisies in die volste sin van die woord.**

„Daar word vandag so baie van verraad en verraaiers gepraat dat ons volk al 'n ‚verraaierskompleks' ontwikkel het, en dit pas so pragtig in die kraam van die vyande. Ek weet vandag van geen rede waarom ek in hegtenis geneem is nie, **maar as die rede is dat ek my plig gedoen het as 'n generaal van die Ossewabrandwag, dan kan ek net sê dat ek gereed is om dit weer te doen wat ook al die gevolge mag wees.** Met 'n blye gemoed sal ek bring die offer wat van my geverg word om by te dra tot verwesenliking van my volk se grootste en skoonste ideaal — ons vrye Boere-republiek. Dit is maar 'n klein offer vir enige persoon wat die naam van Afrikaner waardig is om alles op die volksaltaar te plaas vir hierdie ideaal.

„In die goeie tye was ek altyd gereed om my hoër offisiere te volg en hul bevele te gehoorsaam. **In hierdie donker uur staan ek nog vas en vol vertroue agter daardie leiers en geen persoonlike moeilikheid of teenspoed sal my ooit van daardie koers laat afwyk nie. Vir meer as twee jaar werk ek nou intiem saam met hulle en weet van al die opofferings wat gedoen is. Daardie opofferings mag nie tevergeefs wees nie; die werk moet aangaan.**

„Aan al my wapenbroers en lede van die Ossewabrandwag, en veral al die brandwagte en offisiere van Generaalskap Nabye Oos-Rand, stuur ek hierdie boodskap:

„Moenie dat tydelike terugslae van die vyand julle enigsins van jul koers laat wyk, of jul pogings in hierdie pragtige volksbeweging, die Ossewabrandwag, laat verslap nie; wees sterk en staan vas by ons leiers en ons leuse:

„MY GOD, MY VOLK, MY LAND SUID-AFRIKA!"

„Hou trou aan u leuse en moenie dat haat posvat nie, want liefde sal die deurslag gee.

„Aan my hoëre offisiere en die leiding van die Ossewabrandwag stuur ek hierdie boodskap:

„Wees vasberade en hou koers met die leiding wat julle tot dusver aangegee het. Ek vertrou nog en ek weet daar is tienduisende brandwagte in Transvaal alleen wie se volle vertroue in julle gevestig is. **Vandag is ek meer as ooit tevore oortuig dat daardie vertroue in die leiding van die Ossewabrandwag geregverdig is.**

„Ek hoop dat die dag nie meer ver is dat ek weer in staat sal wees om jul bevele uit te voer nie."

(Get.) F. BARON CROTZ,
Genl. 4.


# Schoemannello-Drank

is

*DIE SUIWERSTE EN BESTE*

BESTEL DIT ONMIDDELLIK VAN

**JURGENS SCHOEMAN**

POSBUS 142, OUDTSHOORN.

en

ONDERSTEUN 'N 100-PERSENT AFRIKAANSE FIRMA

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyl .. | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn .. | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth .. | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai (Cocktail) .. | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn .. | 2/- | 1/8 | — |
| Jeropiko (Rooi) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| (Wit) | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Soet Muskadel .. | 1/- | 11d. | 5/- |
| Port .. .. | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Worcester Hock | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Pontak .. .. | 1/- | 10d. | 4/6 |
| Spesiale Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| Sjerrie .. .. | 9d. | 8d. | 3/6 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemannello .. | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Brandewyn | | | |
| Ekstra Spes. .. | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. .. .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER** .. | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Gemmer-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Lemoen-Brandewyn .. | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 23/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 23/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan enige getal Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Voeg 4/- by vir kissie en bottels, en 10/- vir vaatjie (indien nie anders ooreengekom met bestuur) wat vergoed sal word by terugsending. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne of K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S., OUDTSHOORN.

**SCHOEMANNELLO-DRANK**

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE



# PEET KRUGER

(Vroeër van HENDRIK SUSAN)

se

**AFRIKAANSE DANSPARTYE**

**Gereeld elke Vrydagaand**

in

**ADDERLEYSTRAAT 22**

(Regoor Garlicks)

Musiek deur VAN WYNGAARD en sy ORKES. Onder leiding van mnr. M. PIENAAR.

**Toegang 7/6. Lede 6/-, Dubbel.**

Kaartjies verkrygbaar by PIENAAR se HAARSNY SALON. — Foon 3-1047.

Aanddrag a.s.b.



# DIE AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL

*Uitgewers en Boekhandelaars*

**DIE LIEF EN LEED VAN ONS GESLAGSLEWE.**

(Deur Prof. D. W. A. Willemse.)

Hierdie is 'n opspraakwekkende boeksensasie: Die eerlikste en moedigste werk in Afrikaans wat oor 'n onderwerp dusver met veel skuheid en preutsheid benader is. Die intiemste aspekte van die menslike geslagslewe. Openhartig en sonder om doekies om die waarheid te draai. Die boek is geskryf in 'n gees van hulpvaardigheid, om aan duisende wat met die lewensbelangrike probleem stry, lig en rigting te gee. Slegs vir volwassenes bedoel.

**Prys: 6/6 Posvry.**

**DIE SUIGELING EN VOORSKOOLSE KIND.**

(Deur Mev. M. E. Theron.)

In sy voorwoord sê dr. G. W. Eybers: Hierdie boek is dan ook by uitstek en in die eerste instansie 'n moeder se boek, geskryf deur 'n vrou wat nie alleen ryke ervaring opgedoen het met die versorging en opvoeding van kinders gepaard ook deur 'n moeder wat besondere verstand het van 'n moeder se probleme. Die warm-simpatieke gees waarin sy oor die kind skryf, sal die leser meteens opval. Die hele kind word in oënskou geneem, en daar word ADVIES gegee wat GOUD werd is. Hierdie belangrike werk handel oor die gesondheid en geluk van die moeder, oor die liggaamlike versorging van die klein kind, oor die ontwikkeling van sy persoonlikheid, oor die groei van sy karakter en oor die aankweek van beskaafde lewensgewoontes.

**Prys: Slegs 5/6 Posvry.**

**Bestel van:**

**Die Afrikaanse Pers-Boekhandel,**

**Bus 845, Pleinstraat 3, Johannesburg**

## GEKANT TEEN VERNIETIGING VAN AFRIKANERDOM

Die volgende verklaring is deur ses van sewe lede van die H.N.P. se Wyksraad van Bo-Riet-rivier onderteken:

,,Ons, ampsdraers en lede van die Wyksraad van wyk 3 onder die Sutherlandse Distriksraad, van die H.N.P. of V. van die Kaapprovinsie, teken protes aan teen die vernietiging van die Afrikanerdom deur ons Party-leiding as gevolg van sy houding teenoor en optrede teen die Ossewabrandwag en die Nuwe Orde. Ons weier om uit enige van die Afrikanerorganisasies te bedank omdat ons weier om deel te neem aan die vernietiging van die Afrikanerdom. Om dieselfde rede weier ons om deel te hê aan die politieke oorlogsverklaring deur dr. Malan en sy Pers teen die politieke ideologie van 'n volk wat die Afrikanervolk en Afrikanersaak nog nooit anders as simpatiek gesind was nie.

O. C. Müller (Wyksleier), Markus M. Nortje (Onder-Wyksleier), C. J. Blom, J. J. Jooste, G. J. Olivier, J. J. du Plessis (Groepleiers)."

## VERKLARING INSAKE VOORTREKKER-MOTORKLUB

Aangesien die naam van die O.B. gebruik of misbruik kan word in verband met interne moeilikhede van die V.M.K., stel die O.B. hiermee sy standpunt as volg, lui 'n verklaring van die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg:

Die O.B. is konsekwent teen Afrikanerverbrokkeling en tensy hy aangeval word wil hy hom ook nie as organisasie leen tot enige optrede teen 'n Afrikaneronderneming soos die V.M.K. nie. Die feit dat die V.M.K. byna uitsluitlik deur partypolitieke leiers beheer word, wat die O.B. bitter aangeval het en uit wie ook, met enkele uitsonderings, die Direksie saamgestel is, doen daar niks van af nie. Optrede wat Trekkers of aandeelhouers van die V.M.K., wat terselfdertyd ook lede van die O.B. is, dus aan een of ander kant wenslik mag vind, mag nie onderneem word in naam van die O.B. nie, maar moet deur sodanige O.B.-lede alleen in hul hoedanigheid as Trekkers of aandeelhouers gedoen word.


**W. VOIGT BPK., HUGENOOT.**

*Fabrikante van . . .*
*Kelder en Besproeiings Masjienerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.*

Foon: Paarl 23.
Posbus 10, Hugenoot.

**SASBANK**
Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*

*Raadpleeg* SASBANK
PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

**PORTERVILLE ROLLER MEULE**

Eienaar: J. A. du Toit.

Vars en Suiwer Koringmeel Altyd op Hande.

Gemaal van die Beste Koring in die Westelike Provinsie.

Eerlike Behandeling Gewaarborg.

PORTERVILLE.

**La Belle Alliance**
Privaat Hotel.

DIE AFRIKANER SE TUISTE
*alle moderne geriewe*
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF,
Foon 2-3833
*Ons Ontmoet alle Treine.*
Kloofstraat, Kaapstad.

105 Takke 40,000 Lede **AVBOB** Reserwe-fonds £90,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN
BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

*HOU KOERS NA*

**Pro Ecclesia-Drukkery,**
Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.
*Die Laan, Stellenbosch.*

**MARKAGENTSKAP**
**Vroeë Môre Mark**
KAAPSTAD

*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*
Beste Heersende Pryse.
*MINNAAR & VAN SCHOOR.*
Eienaar: Gustav Retief.
Telefoon 2-0212.

VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN
**DAMES-ROKKE**
besoek
**Steyns**
PAROW SE NUWE MODERNE SAAK.

**Kotzé**
DIE **KLEREMAKER** EN **UITRUSTER** VAN KAAPSTAD

Die Afrikaanse Kleremaker — Kleed Suid-Afrika

*Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen*
*Hy gee bevrediging en verdien ondersteuning*

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

**VOLKSKAS IS U EIE BANK!**

*Fondse oorskry £1,500,000.*

Hoofkantoor:
Volkskas-gebou, Sentraalstraat,
PRETORIA

Volkskas (Koöperatief) Bpk.
(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)

DIE O.B., WOENSDAG, 22 APRIL 1942.

# Langs Mekaar

In sy jongste toespraak in Kaapstad het die Assistent-kommandant-generaal, genl. J. A. Smith, baie duidelik beklemtoon dat die nuwe stelsel waarna die Ossewabrandwag strewe, nie te vereenselwig is met enige ander stelsel in die wêreld nie. Die Christelik-nasionale orde wat deur die Ossewabrandwag gedra word, wortel in ons geskiedenis en is dieselfde gedagte wat deur die kakebeenwaentjies van die Voortrekkers die binneland ingedra is. Dit is iets eg Afrikaans en verskil van alle ander lande se stelsels omdat die Afrikaner se aard, sy taal, sy geskiedenis en sy godsdienstige opvattings van ander volkere verskil.

As dit dan verskil van ander lande se stelsels, wat moet ons verhouding teenoor sulke ander stelsels wees? Ook hierdie vraag het genl. Smith beantwoord waar hy verklaar het dat langs die Salarazisme van Portugal, die Falangisme van Spanje, die Fascisme van Italië en die Nasionaal-sosialisme van Duitsland, die Christelik-nasionalisme van die Ossewabrandwag staan. **Ons verhouding is nie een van vyandskap nie, ook nie een van afsydigheid nie, maar wel een van vriendskap.**

Diegene wat die Nasionaal-sosialisme met vyandskap bejeen — en wel 'n vyandskap wat so uitgesproke is dat hulle 'n eg Afrikaanse volksbeweging soos die Ossewabrandwag wil vernietig **net omdat hulle in hierdie beweging punte bemerk wat ooreenstem met die Nasionaal-sosialisme in Duitsland** — is mense wat in werklikheid nog groter **vriende van die Liberalisme** is as van die politieke hervormingsbeweging wat dwarsdeur die wêreld besig is om pos te vat.

Hul onsydigheid in die stryd vloei nie voort uit 'n positiewe oorweging nie, maar is hoofsaaklik die produk van hul negatiewe gevoel na weerskante. Aan die een kant het hulle 'n afkeer van die Britse Imperialisme en daarom weier hulle om deel te hê aan 'n Empire-oorlog wat indruis teen die belange van Suid-Afrika. **Hulle is egter nog aanhangers van die Liberalisme, en daarom is hulle ook afkerig van die magte wat die Liberalisme beveg en waarvan die Duitse Nasionaal-sosialisme die vernaamste is. Hulle staan dus ook negatief teenoor die Nasionaal-sosialisme. Hierdie negatiewe houding teenoor die buitelandse Nasionaal-sosialisme ontwikkel egter tot vyandskap teenoor 'n Afrikaanse beweging wat in sy simpatie met die nuwe wêreldomwenteling vir hulle Nasionaal-sosialisties lyk, en hulle verklaar daarom oorlog aan die Ossewabrandwag. Die Ossewabrandwag moet uitgedelg word omdat hy oënskynlik ooreenkoms toon met die Nasionaal-sosialisme.**

**Deur hierdie optrede skep die Afrikaanse aanhangers van die Liberalisme die indruk dat hulle selfs bereid sou wees om die Nasionaal-sosialisme met die wapen te beveg, was dit nie dat hulle daardeur ook die belange van die Britse Ryk sou dien nie. Dit wil dus voorkom of hierdie mense in beginsel geen beswaar sal hê om die wapen teen Duitsland op te neem indien Engeland by voorbeeld gewillig sou wees om ons republikeinse onafhanklikheid te gee nie — net soos Engeland nou gewillig was om Indië groter onafhanklikheid te gee.**

Ons ag dit nodig om hierdie punt te beklemtoon, want ons volk moet duidelikheid hê oor wat sy standpunt in gegewe oomblikke sal wees. **Daar is niks wat verhinder dat sodra die oorlogsgevaar nader aan Suid-Afrika kom, Engeland ook 'n Stafford Cripps na die Unie kan stuur om vir ons republikeinse onafhanklikheid aan te bied nie.** As dit ons begeerte as volk is om, soos die Partyleiers voorgee, net 'n republiek te kry wat die Liberalisme met sy partypolitiek nog wil bestendig en wat die Nasionaal-sosialisme as so 'n groot vyand beskou dat hulle bewegings probeer vernietig wat nog maar slegs punte van ooreenkoms met die Nasionaal-sosialisme openbaar, dan kan ons volk geen ander beswaar as dié van die lafaard opdiep om nie saam met die liberalistiese Engeland teen die nasionaal-sosialistiese Duitsland die wapen op te neem nie. **In so 'n geval sal ons as 'n republiek vrywillig saam met Engeland teen die grootste nasionaal - sosialistiese organisasie, naamlik Duitsland, veg, en in so 'n geval sal ons Suid-Afrikaanse republiek saam met die Britse Liberalisme aan die einde van die oorlog ondergaan.**

Die Ossewabrandwag se beleid staan daarenteen op positiewe grondslag. Ons verwerp die Liberalisme omdat ons hom as die grootste vyand van die Afrikanerdom beskou; omdat ons staan vir 'n positiewe Christelik-nasionale Boere-republiek. Die Liberalisme, en daarom ook die Britse Imperialisme, is vir ons volksvyand No. 1. **In die Nasionaal-sosialisme sien ons geen vyand nie, maar 'n vriend. Dit is 'n mag wat saam met ons hom beywer vir die vernietiging van die Liberalisme en die heropbou van die wêreld op nasionale grondslag.** As vriende kan die een die ander nie opeet nie, maar as vriende mag die een die ander ook nie wegstoot nie. As vriende staan ons langs mekaar, elkeen op sy eie bodem, en leef ons harmonies saam vir die handhawing van 'n gelukkiger wêreldorde as die een van liberalisties-imperialistiese oorheersing waarvan sowel Suid-Afrika as Duitsland 'n slagoffer was.

Die Nasionaal-sosialisme in Duitsland het sy eie persoonlikheid en daarom sy eie stelsel wat aanpas by die Duitse volksaard. Langs hom staan sy vriend, die Afrikaanse Christelik-nasionalisme, met sy eie persoonlikheid en daarom ook sy eie stelsel wat aanpas by die Boere-aard. Omdat ons vriende is, sal ons van mekaar leen. Wat goed is in die Duitse stelsel en hom by ons volk kan aanpas, sal ons oorneem. Ons kan baie dinge van mekaar se stelsels leen, maar ons kan nooit die een die ander se persoonlikheid leen nie. Daarom is daar geen gevaar dat ons Duitsers sal word nie. As Calvinistiese volk bou ons op Calvinistiese wyse aan ons eie volk en aan die wêreld. Op die wêreldterrein ontmoet ons die Nasionaal-sosialisme in 'n gees van onderlinge vriendskap. Ons staan dus langs mekaar, veg langs mekaar en eenmaal sal ons lewe langs mekaar.

# Uniale Fondsdag op 8 Augustus

## Oproep van die Kommandant-Generaal

**Die volgende oproep met betrekking tot die viering van organisasiedag dwarsdeur die land op 8 Augustus is deur die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, uitgereik:**

1. Die noodsaaklikheid van fondse vir die stryd wat ons vir die Republiek voer, is vanselfsprekend.

2. Die afgelope jaar het die Ossewabrandwag geldelik duur bekom, veral omdat hy al sy energie sowel as fondse toegespits het op die Noodhulpfonds vir die afhanklikes van gevange Afrikaners. Ook die blaadjie Die O.B. kos ons aansienlike bedrae.

3. Maar alles, Noodhulpfonds en andere, is afhanklik van die voortbloei en krag van die Ossewabrandwag as strydbeweging.

4. Derhalwe is gevoel dat 'n Uniale poging op 'n gegewe dag om die spiere van die beweging te sterk, gebiedend is. Hy beskik oor geen magtige pers om sy stryd te stry nie.

5. Besluit is dat elke Brandwag en elke offisier pogings tot stywing van die O.B.-kas moet aanwend sodat ons op 8 Augustus 'n Uniale Fondsdag hou, waarop sulke gelde wat deur insameling, funksies, ens. verkry is, in die kasse gestort kan word.

6. Die taak sal deur almal onderneem word, maar ons twyfel nie dat die vrou die deurslag sal gee nie.

7. Op 8 Augustus 1938 het die ossewaens die Suidpunt verlaat op hul simboliese ossewatrek. Uit daardie simobliese trek is die Ossewabrandwag gebore.

8. Op 8 Augustus 1942 wil die O.B. 'n verjaardaggeskenk werf, nie vir homself nie, dog vir die Afrikanerstryd.

*Brandwagte . . . .*
*AANDAG !*
ons
*KOMMANDANT-GENERAAL*
praat te
PRETORIA
op SATERDAG, 2 MEI 1942
te
LOUIS TRICHARDTPLEIN
(Klipkoppies)
Brandwagte van Pretoria en omtrek word in groot getalle verwag.
**Jukskei — Boeresport en Braaivleis vanaf 2 n.m.**
*Kom! Laat die geesdrif van die O.B. u weer besiel*

*Luister . . . .*
WES-TRANSVAAL ROEP !
'N REUSE O.B. VERGADERING
op
LICHTENBURG Tentoonstelling-gronde!!!
*Saterdag, 25 April 1942.*
Openingswoord: Genl. M. C. Eloff.
Dr. J. F. J. v. Rensburg.
Sprekers: (Hoof-toespraak: 2 uur n.m.)
Ds. Stander,
Prof. Labuschagne.
Verversings sal verkrygbaar wees gedurende die dag, o.a. 6,000 myl Boerewors en een jaar se Koring-oes!!!
REPUBLIKEINE U IS VAN HARTE WELKOM!!!

DIE GOEIE HOOP
(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.
Voortrekkerweg, Bellville. Foon 97814.
V I R
Hoofweg, Durbanville. Foon 60.
VEEVOER (MIELIES-MIELIEMEEL-LUSERN).
Vra vir Kontrakvoorwaardes.
Mc Cormick Deering Landbouwerktuie.

DE KOCK se GARAGES
Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.
*Eienaar:* D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors
Moet nie dat u motor vir u moedeloos maak nie — Laat ons dit vir u splinternuut maak.
V.M.K. AANBEVEEL.

**Alle politieke berigte en kommentaar geskryf deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerkgebou 918, Kaapstad.**

# Gevaar Dat Engeland Ons Lojaliteit Gaan Koop

## Onderhandelings Met Indië Vir Ons 'n Les

**,,Indië wou alles hê," het sir Stafford Cripps gekla na die mislukking van sy onderhandelings met hierdie Britse kolonie in verband met groter vryheid. Hy het daaraan toegevoeg dat hulle nou niks kry nie.**

Cripps se taak in Indië was om hierdie geweste vir die Britse Empire te gaan beveilig deur die Indiese volk tot so 'n mate tevrede te stel dat hulle bereid sou wees om vir Engeland die oorlog teen Japan te voer.

Indië moes groter vryheid kry sodat hy nie vir die Britse Ryk verlore sou raak nie! Dit is waar dit op neerkom. Die ongeluk was — wie se ongeluk, sal die toekoms wel leer — dat die Indiese volk by monde van sy grootste politieke partye verkies het om alles te ontvang of liewer niks nie. Hierdie Indiese leiers is in hul besluit sekerlik nie net gelei deur hul eie ervaring in die verlede nie, maar ongetwyfeld ook deur die voorbeelde in ander dele van die Britse Ryk, en meer in besonder ook Suid-Afrika.

Dit was reeds in 1903 dat die veroweraar van die Boere-republieke, wyle Joseph Chamberlain, gepleit het vir die skepping van 'n nuwe stelsel vir die Ryk, wat sou beteken **,,'n vennootskap met die groeiende kolonies, sonder wie se sterke regterhande en lojale harte die Ryk nie kan behou word nie."** Om uitvoering te gee aan hierdie beleid is aan die verowerde Afrikaanse gebiede in 1906-1907 sogenaamde selfregering toegeken. Hierdie ,,weldaad" was die oorsaak dat genl. Smuts in 'n oomblik se tyd oorgewip het van 'n Eeu van Onreg tot 'n eeu van geregtigheid. **Tot kort gelede het ons Eerste Minister bely dat dit hierdie ,,grootmoedige daad" van Engeland was wat hom van standpunt laat verander het.**

In 1934, toe die Indiese grondwet in die Britse Laerhuis ter sprake gekom het, het die toenmalige Britse Premier, Stanley Baldwin, na Suid-Afrika as voorbeeld verwys en gesê: ,,Die toekenning van selfbestuur aan Suid-Afrika, wat indertyd so gewaagd gelyk het, het getoon dat dit die beste ding vir die Britse Ryk was wat kon gebeur het." Hierdie optrede het inderdaad aan Groot Brittanje baie ,,lojale harte" onder sy eertydse vyande in Suid-Afrika besorg en voortaan kon ons veroweraar met reg staat maak op Suid-Afrika se ,,sterke regterhand". Ondanks ons sogenaamde volle onafhanklikheid het Suid-Afrika reeds tweemaal binne een geslag homself in belang van Engeland in buitelandse oorloë gestort.

Die Britse imperiale beleid het hierop neergekom dat hulle die kolonies onder die indruk bring dat hulle vry is. In naam is hulle dan ook vry. **Maar in ruil vir daardie ,,vryheid" gee die kolonies dan hul lojale harte en stel hulle hul ,,sterke regterhande" tot diens van die ,,grootmoedige" weldoener wat eers alles gevat het, en daarna weer ,,alles" teruggee.**

In vredestyd beteken hierdie lojale harte dat die dominium — want so heet die eertydse kolonie nou — 'n Britse voorkeur-beleid in verband met sy buitelandse handel volg. Ons het dan ook daeliks gesien hoe die Britsbeheerde stadsrade van die Unie se groot stede Britse masjinerie invoer wat soms meer as tweemaal so duur is as wat ander lande voor tender. Ons eie Regering het deur middel van wetgewing gesorg dat Britse ware teen 'n laer invoertarief die land binne gelood word, en so lojaal was ons in hierdie opsig dat daar soms gevalle was dat ons Britse goedere selfs teen ons eie fabrikate beskerm het!

In tyd van oorlog beteken dit dat die dominiums die ,,moederland" te hulp snel met al hul hulpbronne en mannekrag. Ons het dan ook nou weer gesien hoe Australiërs en Nu-Seelanders in die Balkan, op Kreta, in Maleie en Singapoer en saam met hulle ook Afrikaners in Noord-Afrika, die oorlog vir Engeland moet voer. **Dit is die lojale harte van regerings wat die oorlog verklaar en die belange van die dominiums opoffer terwille van Britse oorwinnings, en dit is die lojale harte van werkgewers wat die kanonvoer aan die Britse oorlogsmasjien verskaf deur hul werknemers uit die werk te skop.**

Dit is hierdie beleid wat nou ook op Indië toegepas moes word. ,,Dis my eerlike oortuiging dat u by magte is om die hele Indië vir altyd vir die Britse Ryk te red. Ek verklaar met nadruk dat dit my eerlike oortuiging is dat, as u Indië nie hierdie geleentheid (groter konstitusionele vryheid) gun nie, u Indië binne twee geslagte sal verloor," het Baldwin reeds op 4 Desember 1934 in die Britse Laerhuis gesê. Indië het toe 'n nuwe grondwet ontvang, maar dit was nog nie 'n ,,Dominiale status" nie. Solank die oorlog ver van Indië af was en die Britse oorlogsmasjien net soos in ons land deur ,,vrywilligers" gevoed kon word, het die Britse pols nie juis vinniger oor hierdie Indiese vryheid geklop nie. **Maar nou dat daar gevaar bestaan dat Indië deur 'n vyand van Engeland binnegeval kan word wat die Indiese volk voor 'n keuse kan stel om teen of vir Brittanje te veg, nou was dit baie noodsaaklik dat die lojale harte van Indië deur 'n toegewing gekoop moes word.** Vandaar die sending van Cripps.

Indië wil egter alles hê, en as Engeland hulle alles sou gee, d.w.s. die grootste mate van selfregering, bestaan die gevaar dat Indië dalk meer bekommerd sal wees oor sy eie lot as oor dié van Groot Brittanje. Daarom ontvang hy nou niks.

**Brittanje is nie bereid om iets te gee as hy nie in ruil daarvoor ,,lojale harte en sterke regterhande" kan ontvang nie. Suid-Afrika het hierdie ruilooreenkoms aanvaar. Indië het dit van die hand gewys.**

**Maar die gevaar bestaan dat die onwilligheid van die nasionaalgesinde Afrikaners ook in die nabye toekoms deur Engeland ingeruil sal wil word vir republikeinse vryheid wat opnuut weer lojale harte uit ons Afrikaanse geledere moet koop. DIE KEUSE WAT AAN INDIË NOU GESTEL WAS, KAN EERLANG OOK AAN SUID-AFRIKA GESTEL WORD, INDIEN 'N VYAND VAN ENGELAND NADER NA ONS KANT TOE BEWEEG. Ons sal dan 'n ,,onafhanklike" republiek voorgehou word en onder die indruk gebring word dat dit ons eie republiek is wat ons teen Engeland se vyande verdedig. Daar sal genoeg lojale harte in Suid-Afrika dan wees om op wettige wyse die oorlog voort te sit.**

Alleen 'n Boere-republiek waarin die lojale harte en sterke regterhande op Suid-Afrika en die Boerevolk toegespits sal wees in plaas van op 'n buitelandse moondheid, sal kan verhoed dat ons nie ,,iets" van Engeland ontvang in ruil vir ,,alles" nie.

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geinterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

| | £ | s | d |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | £2,671 | 13 | 10 |
| Lys 23 Manne-Kommando Stellenbosch | 11 | 10 | 0 |
| Zebra Manne- en Vroue-Kom. Afd. Herold Kommando | 5 | 6 | 2 |
| Kamnasie Kommando (2de Bydrae) Oudtshoorn | 12 | 19 | 0 |
| Rondebosch Vroue-Kommando | 1 | 10 | 8 |
| Brandvlei Kommando Lys Nos. 1 en 138 | 23 | 11 | 6 |
| Vlakteplaas—De Rust Kommandos Lys No. 177 1e Bydrae | 13 | 18 | 4 |
| Mej. R. Keet Somerset-Wes | 2 | 0 | 0 |
| Gordonia-Kommando | 3 | 0 | 0 |
| Vroue-Kommando Stellenbosch Maandelikse Bydrae van Werkgeselskap | 1 | 5 | 0 |
| Kuilsrivier Jukskeispan | 1 | 0 | 0 |
| Kuilsrivier Vroue-Kommando | 5 | 0 | 0 |
| Robertson Vroue-Kommando | 2 | 16 | 6 |
| Mev. H. Smeda, Vasco | 1 | 1 | 0 |
| 1ste Bydrae Vroue-Kommando Plumstead | 5 | 19 | 6 |
| Bokveld Kommando | 1 | 7 | 6 |
| Ysterplaat Vroue-Kommando Lyste Nos. 161, 554, 555 | 8 | 0 | 0 |
| Lys 58 Dordrecht | 20 | 0 | 0 |
| Lyscte 235 Jamestown | 2 | 9 | 0 |
| Totaal | £2,794 | 8 | 0 |

# Gesigte Van Die Siener

In 'n vorige skrywe het ek reeds klem daarop gelê dat omslagtigheid in die beskrywing van die gesigte van wyle oom Nicolaas van Rensburg onvermydelik is; en tog kon ek in genoemde brief oor 'n sekere punt maar nog meer omslagtig gewees het, naamlik, aangaande die twee wit stene wat teenmekaar draai, en die een uit die ooste, draai in die andereen in, sodat dit net een steen is. Dit beteken nie dat net die genoemde politieke party (H.N.P. of V.) sal wegraak, en wel binne die O.B. sal verdwyn nie; hierdie twee botsende bewegings word as simbool gebruik in die stryd tussen twee begrippe. **Dis 'n stryd tussen 'n nuwe en die ou orde. Die demokratiese politieke party is die kampvegter vir die behoud van die bestaande ou orde en veg derhalwe nie net vir sy eie bestaan nie, maar vir die bestaan van ALLE partye.** En waar die steen uit die ooste (Britse demokrasie) wegraak, beteken dit dat alle partye tot niet sal gaan, en net een beweging of party onder die nuwe Staatstelsel sal bestaan. Dit is trouens ook baie duidelik en maklik om te begryp, want elkeen weet, dat waar die demokratiese stelsel in swang is, is daar noodwendig verskillende partye, en partye is op sigself verdeeldheid; en hoe kan die bekende blokke onder so 'n stelsel saamvoeg om daardie volmaakte volkseenheid te bekom?

Terwyl ek skryf, noem ek een en ander rakende die stryd in die Verre Ooste. Oom Nicolaas sien:

,,Toe kom rooi osse uit wat ingespan is na oos (Europa) en haarvoor trek 'n koei; langs die osse loop 'n geelvaal bul."

Hierdie gesig sinspeel op die Geallieërde strydmagte wat tans in Suidoos-Asië opereer. Die osse is rooi (Brits) en is ingespan (aktiewe diens). Maar, let op, dis 'n koei wat haarvoor trek. Sover ek weet is Holland die enigste land wat deur 'n koningin regeer word en daarom is dit maklik om uit te vind wie of wat hierdie koei verteenwoordig, nl. Nederland. Nederlands-Indië neem dan ook vandag 'n leidende (haarvoor) aandeel aan die gevegte aldaar. Vloot-, lug- en landmagte is ten volle in die stryd gewikkel.

Hierdie osse is egter nie alleen daar in die ooste van Europa nie; daar is nog 'n bul ook. Hierdie bul is ook daar, maar neem geen daadwerklike aandeel aan die trekkery nie. Hy is nie ingespan nie, **hy loop langs die osse.** Hierdie bul moet dus noodwendig Amerika wees, want hy is ook in die oorlog aldaar betrokke, maar neem tot hiertoe geen aktiewe deel aan die stryd nie. Al die ander osse is ingespan, so ook die koei, maar die bul loop los, langsaan die span osse. Amerika hou konferensies en lewer toesprake, onderwyl al die Geallieerde strydmagte om lewe en dood veg.

Die bul se kleur is geel-(Brits)vaal(Duits). Hier beklemtoon oom Nicolaas weer die verdeeldheid in Amerika. Die bul vertoon geel (Brits) maar is in werklikheid vaal (Duits). Of, die regering wat hoofsaaklik uit die Brits-Joodse element bestaan en die minderheid vorm, is Britsgesind terwyl die volk pro-Duits is.

Nog 'n gesig wat op hierdie deel van die oorlog betrekking het, lui as volg:—

,,In die ooste van Europa slaan kanonrook uit, die kanonrook slaan al vorentoe uit."

Nooit voorheen kon mens natuurlik vasstel wie se kanonrook dit sal wees nie, maar nou sien ons dat dit die Japanse kanonne is wat so suksesvol opereer.

So het oom Nicolaas hierdie dinge byna 'n kwart eeu gelede gesien en aangeteken.

H. J. DREYER.

Senekal.


ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

Algemene Handelaars
FOON 5-4294
J. J. DE GOEDE,
STASIEWEG 51 — OBSERVATORY
*Probeer ons Eersteklas Kruideniersware en Onder steun 'n Afrikaner.*

# Een In Hul Vyandskap Teen Ossewabrandwag

## Empire-Blad se Kerkhof-gefluit

Nie dat ons die menings van Britte in Suid-Afrika van soveel waarde ag dat ons aandag daaraan hoef te skenk nie, maar om ons lesers 'n kykie te gee in die eienaardige posisie waarin die Ossewabrandwag hom vandag bevind onder die kruisvuur van broer en vyand, plaas ons die volgende inleidingsartikel van die Cape Times van 10 April:

,,Dit is nie dikwels dat die Cape Times saam met Die Burger stem nie. Gister was daar een van die gevalle toe ons kollega 'n baie duidelike vraag aan die Ossewabrandwag gestel het. Die Ossewabrandwag gee 'n weeklikse blaadjie uit wat gewy word aan volledige verslae van toesprake wat deur die nulliteite wat hulself tot generaals verhef het, gelewer word, en om die Nasionaliste uit te skel. Hierdie blaadjie plaas ook 'n hoofartikel waarin die amptelike beleid van die O.B. met betrekking tot sake van die dag klaarblyklik weergegee word, en in sy jongste uitgawe het hierdie artikel die stelling behandel dat die stryd tussen die O.B. en die Party slegs 'n botsing oor metode is. Die Party, verklaar hy, glo in die konstitusionele metode, terwyl die O.B. ,nie glo dat die Liberalisme met sy eie wapens beveg kan word nie.' Die botsing sal voortduur totdat die oomblik aanbreek (der Tag?) waarop een van die twee metodes in die praktyk uitgetoets kan word. Sodra daardie oomblik aanbreek, aldus die artikel, sal die volk òf die Party volg en na die stembus gaan, òf eenparig die Ossewabrandwag se leiding van volksoptrede steun.

,,'Volksoptrede' opsigself beteken niks, **en Die Burger eis met reg 'n antwoord op die vraag: Watter metode presies het die Ossewabrandwag in sy kop om sy doel te bereik?**

,,En dit is 'n vraag wat die volk van Suid-Afrika ook sal stel. In hierdie dae van bedruktheid en spanning begin die geduld op te raak met liggame soos hierdie Ossewabrandwag en hul kleinlike verraad. Die beweging is blykbaar deur 'n groep halfgekke booswigte gestig, en sy betekenis vandag is dat hy feitlik alle dwase en skurke van die Afrikanerdom in sy geledere opgeneem het. Hierdie misleide massas word gevoed op Nazisme wat uitloop op wat 'n mens kan noem 'n dun-vermomde belofte van verraad en rebellie. Die Nasionale Party het verklaar, en word reguit deur die Ossewabrandwag gevloek omdat hy verklaar dat hy langs konstitusionele wyse wil optree. Die O.B. belowe optrede langs ander weë. Die enigste ander weg is onkonstitusionele optrede wat 'n versagtende benaming is vir rebellie, die tegniek van 'n Putsch en burgeroorlog. Net soos adv. Pirow wat geen stemme begeer nie, sy ambisie klaarblyklik baseer op Nazi-kaplaarse en bajonette, behoort die Ossewabrandwagleiers te weet dat hul komedie-beweging met sy beskonke self-aangestelde generaals en opper-generaals en opper-opper-generaals alleen magteloos sal wees om iets meer as straatgevegte en sporadiese bloedvergieting teweeg te bring.

,,Die Burger se vraag aan die Ossewabrandwag kan daarom as volg geformuleer word: Wag die Ossewabrandwag die oomblik af om 'n rebellie in ons land te veroorsaak, en om met behulp van die Duitse wapens 'n Nazi-putsch te bewerkstellig? As dit hul bedoeling is, mag die Here hulle siele genadig wees, want dan is hulle besig om die swartste verraad te pleeg teenoor die Afrikaanse volk wat enige volk nog ooit van verraaiers in sy midde verduur het.''

(Dit was op 19 September verlede jaar dat Die Burger vir die eerste maal dieselfde vraag aan die Ossewabrandwag gestel het onder die opskrif ,,Bloed?'' Eindelik het hy daarin geslaag om die hulp van 'n Engelse ,,kollega'' by te kry. Die toon van hierdie Britse blad laat 'n mens egter dink aan die gefluit van die bang man wat in die nag by die kerkhof verby moet gaan.)

## £13 WORD £79

### Stellenbosch se Vroue Stel Voorbeeld

**Aan die einde van verlede jaar is aan elke offisier en brandwag van die Stellenbosse Vrouekommando 1/- gegee waarmee gedurende die somervakansie gewoeker moes word. Die vroue het met groot ywer en geesdrif aan die werk gegaan. Sommige het konfyt, lekkers, koek, blomme en naaldewerk verkoop, een het kersfeeskaartjies geskilder en 'n ander het wasgoed gedoen, terwyl 'n paar tuinwerk verrig het.**

**Daar is £13 aan sjielings uitgegee en tot dusver het reeds £79 teruggekom!**


STEMPELS

Rubber Stempels vir O.B.-Kommando's met die O.B.-Wapen daarop.
17/6 Posvry.
TAFELBERG INDUSTRIEË,
Kohlingstraat 16. KAAPSTAD.

*AFRIKANER-KLEREMAKER!*
Foon 5-1486
- Vir u volgende Pak
- Billike Pryse
- Werk Gewaarborg
- Beste Materiaal

N. C. KOCH
Soutrivierweg 52 — Soutrivier

EGTE BOKMIS
van
BOSSIEVELD, KAROO.
Die mis is fyn gemaal teen 27/- per ton van twaalf sakke, op u Stasie gelewer.
KMB of KBA
Die mis is absoluut suiwer, van groot uitgesoekte mishope.
TEVREDENHEID GEWAARBORG.
Monsters op Aanvraag.
*B. J. ROODE,*
Posbus 15, KLIPPLAAT.

DAGBREEK vir die AFRIKANERS
STABILIS
Die Nuwe Suiwer Afrikaanse Maatskappy bied sy dienste aan in verband met
- *Koop en verkoop van al u eiendomme*
- *Geldbelegging — Besigheidsadvies*
- *Advertensies en Drukwerk*
- *Versekering (Lewens, Brand, Motor, Ongevalle, ens.)*

STABILIS-AGENTSKAPPE EN BELEGGINGS-MAATSKAPPY
Ons is Agente vir:
HELPMEKAAR KOLLEGE JOHANNESBURG.
Ook vir Bou-maatskappye en die vernaamste Assuransiemaatskappye!
Ons onderneem Afslaerswerk van Vaste Eiendomme en alle Losse Goedere, soos Huisraad, ens.!
Foon 30764—Kamer 901/2—Groote Kerkgebou, Adderleystraat, KAAPSTAD.

SKOUBURG
Hofmeyrsaal - - - - - Groote Kerkgebou.
SATERDAG 25 APRIL om 3 en 8.15 n.m.
Ons Vertoon
*,,History is Made at Night''*
met
CHARLES BOYER
en
JEAN ARTHUR.
PLEKBESPREKING — UNIEWINKELS.

*Geklassifiseerde Advertensies*

VERLOWING

SCHOEMAN — DE VILLIERS: Hiermee maak ons Miemie de Villiers van Swellendam en Olivier Schoeman, Schoemanshoek, Oudtshoorn, bekend dat ons verloof is.

PENVRIENDE GEVRA

ONS het korrespondente wat met u wil korrespondeer. Stuur gefrankeerde koevert aan Posbus 1642 Kaapstad vir besonderhede en ontmoet nuwe kennisse.

BETREKKING GEVRA

GETROUDE man soek betrekking as Plaas Bestuurder. Lewenslange ondervinding van alle soorte Boerdery en plaas-masjienerie. Is gewillig om u mielie-dorsmasjien op kommissie-basis te werk; of deel aankoop op billike terme. Jare ondervinding van mielie- en graan--dorsmasjiene. Kennis van Stoom en Ru-Olie Trekkers. D. KOTZE, Bekkerstraat, LADY GREY.

TE KOOP

PLASE, PLOTTE, ERWE en HUISE te koop, in tans-gestigde Vrystaatse dorp. By die treinspoorstasie. Goeie skool en twee sementfabrieke, en by Vrystaatse Goudmyn. 'n Goudmyn by 'n Goudmyn. Verteenwoordiger vir **Fisour Kunsmis** en **Earls Kunsmis.** Kom Boere plaas julle bestellings om nie teleurgesteld te word nie. Pryse baie billik! Doen aansoek by:— C. Steyn, Eiendomsagent, Posbus 16, HENNEMAN.

KAAPSE vroeë uiesaad teen 10/6 per pond k.m.b. van **Mike le Roux, P.K. Keysers, Dist. Uniondale.**

TE KOOP GEVRA

OMTRENT 25 pond beste kwaliteit gedroogde geskilde perskes. Monster en prysopgawe aan O. L. NEL, Middleton, Greytown, Natal.

DAGBOEKIES — 1942

,,HOU-KOERS'' Sakboekies met Afrikaanse Feesdae, Geboortedatums, Ou Presidente, ens. 1/8 Posvry. DAGBOEK-UITGEWERS, Bus 7469, JOHANNESBURG.

KAAPSE VROEGPLAT UIESAAD

Strooikleur, 15/- per lb., k.m.b.
E. C. STEYN,
Bus 37. SOMERSET-WES.

APPELS

**APPELS:** Rome Beauty, Pearmain, Ohenimuri, 10/6 per kissie. K.M.B. of K.B.A. Leë inhouer terug. **Kookappels 6/6 per kissie. V.O.S. B. J. STANDER, Privaat Possak, Westwood, Dist. George.**

HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE
Posbus 660, JOHANNESBURG.

Duisende Klante vanaf Kaap tot aan Zambesi het maksimum sukses behaal met ons geakklimatiseerde **Vrugtebome** en keurige **Rose.** Bestel nou vir **Junie, Julie, Augustus** planting en wees seker van Tevredenheid! Geillustreerde Plantgids gratis.

GEVRA

*50,000 Afrikaners wat graag hul eie tabak wil rook en wat hul handelaar om „Patriot" sal vra.*

VOORBRAND TABAK-MAATSKAPPY (Edms.) Bpk.
Kommissarisstraat 200,
JOHANNESBURG.


*Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystr., Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.*